Extreme makeover – God's way

Familienaweek sessies

Fondasie vir 'n goeie *makeover* (Vrydagaand, 18:30)

Soms staan ons ego in die pad van 'n goeie *makeover*. Ons steur ons te veel aan wat ander mense van ons dink. Ons is vry in Christus! Vry om voluit te leef met God en toe te laat dat Hy ons verras wanneer Hy ons nuut maak. Kom ontdek hoe die Here aan ons 'n nuwe sterker fondasie gee en ons huis opnuut bou.

Makeovers* gaan oor meer as net *looks (Saterdagoggend 10:00; hierdie sessie is **slegs vir kinders**)

Ons probeer so graag in ander mense se oë aanvaarbaar te wees. Met die regte fondasie word dit makliker om weg te draai van die wêreld en ons oë gerig te hou op God. Kom ontdek hoe die Here jou nuutmaak. Hy skryf 'n nuwe storie op die tafel van jou hart.

***Extreme makeover* vir 'n generasie wat gewond is** (Saterdagoggend 10:00; hierdie sessie is **slegs vir volwassenes**)

Is jou huis 'n oase in die woestyn of is jou huis dalk die woestyn self? Ons land is vol 'koue' huise en ons kinders soek warmte op die verkeerde plekke, want as jy dit nie by die ouerhuis gaan kry nie dan gaan soek jy dit op 'n ander plek. Geld is dikwels hoër op mense se voorkeurlys as familie. Die media sê vir ons dat ouers dikwels status en geld bo dit stel wat werklik belangrik is, die opvoed en vorming van hul kinders. Kom luister en ontdek hoe belangrik families vir God is.

***Extreme makeover* – Teen die bouregulasies** (Saterdagmiddag 16:00; voor die Superrugby wedstryde!)

Wat gebeur as my eie *makeover* teen die bouregulasies is? Die bouinspekteur het gekom om vir jou te sê: My kind hou op om eienaarbouer te speel. Kom ontdek wat dit beteken om op te hou om self alles te probeer doen en die Heilige Gees toe te laat om die bekwame boumeester in jou lewe te wees.

***Makeover* nasorg – Hoe help ons mekaar groei?** (Sondagoggend 09:00)

Op watter maniere kan ons mekaar help met groei? Maak aanvaarding, waardering en 'aandag gee aan mekaar' regtig 'n verskil? Kom ontdek wat die Here vir ons hieroor in Sy Woord leer en hoe ons hiervandaan verder gaan.